# WorksheetCloud.com - Vraestel

**Vak:** Graad 9 Afrikaans: Huistaal
**Onderwerp:** Afrikaans Huistaal: Eksamen Kwartaal 2
**Totaal:** 104 Punte

**Naam:**

**Datum:**

**Vraag 1: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

'n Eienskap van 'n **onbepaalde hooftelwoord** is dat dit nie in (1) uitgedruk kan word nie en die funksie van **bepaalde rangtelwoorde** is dat dit (2) aandui.

Opsies Is: aantal | rangorde | getal | syfers

| **1** | | **2** | |
|---|---|---|---|

**Vraag 2: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

Wat word die volgende beeldspraak (figuurlike betekenis) genoem? Gee jou antwoorde in die volgorde soos wat dit voorkom.

**Ruan is 'n wolf**. (1)

**Die saaglem sing deur die ysterstaaf.** (2)

Opsies Is: personifikasie | vergelyking | metafoor | idioom

| **1** | | **2** | |
|---|---|---|---|

**Vraag 3: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Wat noem ons die beeldspraak wat in die volgende sin gebruik word?

**Haar hartklop is 'n dawerende hoefslag.**



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 4: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Watter van die volgende skryftekens dui die uitgerekte lang klank aan?

| | |
|---|---|
| **A** | aksentteken |
| **B** | koppelteken |
| **C** | kappie |
| **D** | deelteken |

---

**Vraag 5: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Voltooi die volgende vergelyking (vaste uitdrukking):

**Sy is so doof soos 'n ... .**

| | |
|---|---|
| **A** | esel |
| **B** | mossie |
| **C** | mol |
| **D** | kwartel |

---

**Vraag 6: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Wat is die byvoeglike bepaling van **die voorwerp** in die volgende sin?

**Die groot, sterk man gooi die klein maer, hondjie.**

| |
|---|
| |

---

**Vraag 7: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Wat is die **bedrywende vorm** van die volgende sin?

'n Liedjie word deur die kinders mooi gesing.

| | |
|---|---|
| **A** | Die kinders sal 'n liedjie mooi sing. |
| **B** | Die kinders sing 'n liedjie mooi. |
| **C** | Die kinders sing mooi. |
| **D** | Die kinders het die liedjie mooi gesing. |

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 8: Waar/Onwaar** 2 punte

Hy is in die pad gesteek. → Hy is aangestel.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

**Vraag 9: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Skryf die volgende sin in die **toekomende tyd:**

**Die seuns is rugbyspelers in die winter.**

**Vraag 10: Waar/Onwaar** 2 punte

Die beeldspraak wat in die volgende sin gebruik word, is 'n vergelyking.

**So glad soos seep.**

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

**Vraag 11: Voltooi Die Ontbrekende** 8 punte

Skryf die volgende sin in die Lydende Vorm. Kies jou antwoorde in die regte volgorde om die sin te voltooi.

Bedrywend: **Susan het elke dag haar sussie opgepas.**

(1) , (2) , (3) , (4) .

Opsies Is: is elke dag | Haar sussie | deur Susan | opgepas | Haar sussie is

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |
| **3** | | **4** | |



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 12: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Voltooi die sin met EEN woord.

'n **Uitroep** of **uiting** wat alleen kan staan, word 'n ... genoem.

---

**Vraag 13: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Watter een van die idiome het die volgende betekenis?

Hy hardloop weg.

| | |
|---|---|
| **A** | Hy is deur die blare. |
| **B** | Hy het lang vingers. |
| **C** | Hy kies die hasepad. |
| **D** | Hy is hoog in die takke. |

---

**Vraag 14: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Wat is die **koppelwerkwoord** in die volgende sin?

Hy word nou 'n groot seun.

---

**Vraag 15: Waar/Onwaar** 2 punte

'n **Bevelsin** beveel iemand om iets te doen, 'n **vraagsin** vra 'n vraag en 'n **uitroepsin** roep iets uit.

**WAAR** **ONWAAR**

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 16**




**Vraag 16: Voltooi Die Ontbrekende** 10 punte

Voltooi die volgende sin in die **direkte rede** deur die regte punktuasie te gebruik:

Die voorman skree (1) (2) Werkers (3) begin onmiddelik met julle werk (4) (5)

Opsies Is: . | , | ! | " | :

| | |
|---|---|
| **1** | |
| **3** | |
| **5** | |

| | |
|---|---|
| **2** | |
| **4** | |

---

**Vraag 17: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Watter van die volgende is 'n **leesteken** en NIE 'n skryfteken nie?

| | |
|---|---|
| **A** | dubbelpunt |
| **B** | deelteken |
| **C** | afkappingsteken |
| **D** | koppelteken |

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 18: Veelvuldige Keuse** 4 punte

'n Saamgestelde sin het ... gesegdes.

| | |
|---|---|
| **A** | twee |
| **B** | verskeie |
| **C** | meer |
| **D** | 'n aantal |

---

**Vraag 19: Voltooi Die Ontbrekende** 4 punte

**Voegwoorde** se naam sê wat hulle doen, hulle (1) sinne (2) of **verbind** sinne.

Opsies Is: verbind | voeg | agtermekaar | saam | voor

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1** | | | **2** | |

---



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**

*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 20**




**Vraag 20: Waar/Onwaar** 2 punte

'n Uitroepsin maak 'n stelling.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

**Vraag 21: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Voltooi die sin met EEN woord:

Die idioom "elke hart het sy smart" beteken dat elke mens het sy/haar eie ... .

**Vraag 22: Voltooi Die Ontbrekende** 2 punte

**Afkortings** word nooit (1) nie, ons gebruik dit net as ons (2) .

Opsies Is: lees | uitgespreek | skryf | woorde

| 1 | | 2 | |
|---|---|---|---|



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*


**Vraag 23: Waar/Onwaar** 2 punte

'n Byvoeglike naamwoord is **attributief** as dit **voor** die selfstandige naamwoord geskryf word en **predikatief** as dit **na** die selfstandige naamwoord geskryf word.

**WAAR** **ONWAAR**

---

**Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 24**




**Vraag 24: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Ontleed die volgende enkelvoudige sin: **Johan slaan die bal.**

Skryf eers die **onderwerp,** dan die **gesegde** en dan die **voorwerp** en skei jou antwoorde met 'n komma. Byvoorbeeld: bal, slaan, die

---

**Vraag 25: Waar/Onwaar** 2 punte

Die volgende sin in die Lydende Vorm is korrek:

**Lydende vorm:** Baie huiswerk sal voor die eksamen deur die onderwyser gegee word.
**Bedrywende vorm:** Die onderwyser gee baie huiswerk.

**WAAR** **ONWAAR**

---


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Vraag 26: Veelvuldige Keuse** 4 punte

Wanneer ons 'n sin oorskryf van die INDIREKTE REDE na die DIREKTE REDE, verander die tydwoord "toe" na ... .

| | |
|---|---|
| **A** | hiernatoe |
| **B** | nou |
| **C** | vandag |
| **D** | hier |

---

**Vraag 27: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Gee die afkorting vir: **Amalgameerde Bank van Suid-Afrika.**

---

**Vraag 28: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Watter **soort** hulpwerkwoord is die skuinsgedrukte woord in die volgende sin?


Ek ***het*** hom gister gesien.

"Het" is 'n hulpwerkwoord van ... .

---


Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*

**Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 29**




**Vraag 29: Skryf Jou Antwoord** 3 punte

Verbind die volgende sinne met die voegwoord, "daarom" om een sin te vorm.

**Hulle oefen 3 keer 'n week. Hulle speel goeie rugby.**

**Vraag 30: Waar/Onwaar** 2 punte

Die skoolvak Ekonomiese Bestuurswetenskappe word afgekort as **EBW.**

| | |
|---|---|
| **WAAR** | **ONWAAR** |

**Totaal:** 104 Punte



Kry meer inhoud by **www.worksheetcloud.com**
*Kopiereg Learning Lab Apps (Edms.) Bpk. Alle regte voorbehou.*